

26 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 9:9-34

Jesus het nuwe lewe gebring en daarom moet ons juig

Jesus het nie gekom om hartseer te bring nie, maar om vreugde te bring. Hy het saam met sondaars geëet. Daarmee het Hy nie die sonde goedgepraat nie, maar het Hy bewys dat Hy gekom het om die ongelowiges tot geloof te bring. Hy het nie gekom vir die gesondes nie, maar vir die wat siek is. Jesus het “geestelike” gesondheid vir die siek sondaars gebring.

Ons leef in die oorwinningstyd van Jesus Christus, ons Bruidegom. Daarom moet ons juig en bly wees. Jesus het nie nuwe lappe op ou klere kom werk nie, maar Hy het ons totaal en al vernuwe deur die Woord en die Heilige Gees. Jesus Christus het nie gekom om die genade en die wet te vermeng nie, maar om voluit Sy genadige verlossing deur die kruisiging, opstanding en hemelvaart vir ons te verwerf.

Ons kan in alle omstandighede op God vertrou vir Sy genade. Watter siekte of swaarkry daar ook al is, God is almagtig en sal ons daaruit red – nie soos ons dit wil nie, maar soos Hy wil. Daarom moet ons juig en bly wees vir die nuwe lewe in Jesus Christus.

Sing: Psalm 128:1

Ds GS Kruger (Centurion)